

# God gee krag en moed

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 10:17-27**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 10:26**

Toe Saul as koning gesalf is, het sy nuwe onderdane op twee uiteenlopende maniere gereageer: een groep het saam met hom gegaan en die ander groep het minagtend en wantrouig gevra: “Hoe sal hý ons red?”

In daardie dae is die Israëliete gereeld aangeval en soms jare lank onderdruk. Dit is in hierdie tyd dat hulle – teen God se wil in – ’n koning gevra het. God het ’n koning gegee en in sy genade sy Gees aan hom gegee sodat hy sy taak kon verrig (1 Sam. 10:6, 10). Die manne wat Saul minagtend behandel het, het nie net Saul gewantrou om hulle te red nie. Hulle het ook God, wat Saul aangewys het, gewantrou. Die dapper manne wie se harte deur God geraak is, het anders ger-

eageer. Al was die omstandighede donker, het hulle saam met die jong en onervare koning gegaan. God het aan hulle moed gegee.

’n Mens raak maklik moedeloos oor negatiewe goed wat gebeur. Tog het ons ’n Koning wat veel magtiger is as koning Saul. Ons Here Jesus regeer vanwaar Hy aan God se regterkant sit. Deur sy Gees gee Hy moed in ons harte om aan Hom getrou te wees en op Hom te bly vertrou. God se Gees werk geloof en moed, en op sy tyd gee Hy uitkoms waar dit vir ons onmoontlik lyk.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H20